Valke moet nog maand wag vir Steinhoff-verslag

Die Valke gaan dalk nou eers einde April die nuwe forensiese verslag oor Steinhoff van PwC kry, wat hy hoop om te gebruik vir strafregtelike vervolging.

Lt.genl. Godfrey Lebeya, hoof van die Valke, het middel-Maart in die parlement aan die staande komitee oor openbare rekeninge (Skoor) gesê die verslag word aan die einde van Maart verwag.

Hy het toe gesê die verslag sou al einde November verlede jaar voltooi gewees het.

Die ondersoek word vir die Valke gedoen in 'n poging om iemand strafregtelik te vervolg.

Die ondersoek is egter in omstredenheid gedompel omdat Steinhoff R30 miljoen vir die ondersoek opdok.

Lebeya het gesê die verslag van PwC sal waarskynlik meer getuies onthul wat ondervra kan word oor die beweerde bedrog wat by die groep plaasgevind het.

Kol. Katlego Mogale, woordvoerder van die Valke, sê hulle is in kennis gestel die verslag is nog nie gereed nie en sal dit einde April ontvang.

PwC wou nie kommentaar lewer nie weens kliëntevertroulikheid.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/valke-moet-nog-maand-wag-vir-steinhoff-verslag-20210401

SQUIDEYE

